***FORM A***

**FILING SHEET FOR SOUTH EASTERN CAPE LOCAL DIVISION JUDGMENT**

PARTIES**:**

**DIE STAAT**

**TEEN**

**MAGADALENE WITBOOI**

- Case Number**: 070079**
- High Court**: SUIDOOS-KAAPSE PLAASLIKE AFDELING**
- DATE HEARD: **8 May 2008**

DATE DELIVERED: **8 May 2008**

JUDGE(S): **LIEBENBERG R, VAN DER BYL WR**

LEGAL REPRESENTATIVES –

*Appearances:*

6 For the Appellants(s):

7 for the Respondent(s):

*Instructing attorneys:*

- Appellant(s)
- Respondent(s):

CASE INFORMATION -

1. *Nature of proceedings* : ***Review***
2. *Topic:*
3. *Key Words:*

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(SUIDOOS-KAAPSE PLAASLIKE AFDELING)**

**HERSIENINGSNR: 070079**
**DATUM GELEWER:**

**IN DIE SAAK TUSSEN:**

**DIE STAAT**

**TEEN**

**MAGADALENE WITBOOI**

---

**HERSIENINGS UITSPRAAK**

**LIEBENBERG, R:**

[1] Die beskuldigde is deur die landdros Hankey skuldig bevind aan oortreding van Artikel 50 (1) (a) en (b) van Wet 74 van 1983 deurdat sy haar twee kinders (a) mishandel het en (b) hulle verlaat het. Sy is gevonnis tot 3 jaar gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort is op sekere voorwaardes.

[2] Toe die saak voor my op hersiening geplaas was, het ek die volgende navrae aan die landdros gerig:

> "Die landdros word versoek om haar redes te verstrek vir die skuldigbevinding en vonnis van die beskuldigde. Die landdros word ook versoek om te handel met die volgende:
>
> (a) Die reëlmatigheid van die prosedure wat gevolg is en wat gelei het tot die skuldigbevinding;

(b) Die reëlmatigheid van die prosedure wat gevolg is om die verslag van die welsynsbeampte as getuienis voor te lê.

(c) Die reëlmatigheid van die vonnisprosedure wat gevolg is.

(d) Die onvolledigheid van die rekord.

(e) Die vraag of die landdros se optrede nie die indruk van bevooroordeelheid by die beskuldigde en in die algemeen kon skep nie."

[3] Hierdie navrae is op 3 mei 2007 aan die landdros gerig. Tot op datum is die navrae nie beantwoord nie. Die Hooflanddros, Port Elizabeth het die rekord saam met 'n aantal soortgelyk gevalle aan die Regter President gestuur onder dekking van 'n brief waarin dit meegedeel word dat die verhoorlanddros reeds 'n geruime tyd ongesteld is en as gevolg daarvan vir 'n geruime tyd reeds nie in staat is om met die gevalle te handel nie. Hy versoek dat die gevalle, insluitende die huidige, mee gehandel word sonder die landdros se redes. Weens die geruime tyd wat die saak reeds uitstaande is en die feit dat die beskuldigde steeds in die gevangenis is, is dit in die belang van die regspleging dat aan die hooflanddros se versoek voldoen word.

[4] Weens die gevolgtrekking waartoe ek gekom het met betrekking tot navraag (a) hierbo vind ek dit slegs nodig om daarmee te handel.

[5] Nadat die klag aan die beskuldigde gestel was, lees die rekord soos volg met betrekking tot die pleitprosedure wat deur die landdros gevolg was.

> "HOF AAN BESKULDIGDE: Verstaan u die aanklag? --- Geen antwoord hoorbaar.

Wat pleit u? --- Ek pleit skuldig (onduidelik) ek het gegaan om groente te gaan soek ….. (Tussenkoms)
Luister, ek wil weet pleit u skuldig of onskuldig? Skuldig? --- (Onduidelik) gelos by die huis want ek het gaan groente soek … (tussenkoms)
Luister, pleit u skuldig of onskuldig? Skuldig of onskuldig? --- (Onduidelik …. Geraas op band.)
Die hof gaan nou sekere vrae aan u stel. Die doel daarvan is om vas te stel of u al die bewerings in die aanklag erken. Indien die hof na die ondervraging oortuig is dat u dit alles erken, dan kan u skuldig bevind word sonder die aanhoor van getuienis. As ek nie daarvan oortuig is nie, dan sal ek 'n pleit van onskuldig notuleer en dan kan die aanklaer voortgaan en getuies roep om teen u te kom getuig. Verstaan u? --- Geen antwoord hoorbaar.
Nou praat u in daardie ding, maar u praat hard en duidelik dat ek u kan hoor. Was u op of omtrent 12 Februarie 2006 te of naby Hankey, in die distrik van Hankey in u bewaring, die ma, u was die ma van 'n 5 maande oue dogter en 'n 18 maande oue seun, is dit reg? --- Ja.
En dit was ook in die distrik van Hankey, né? --- Ja Edelagbare.
En hulle, volgens die klagstaat, het u hierdie kinders mishandel deurdat u – ek gaan net die een punt eers "skip", deurdat u hulle verlaat het deurdat u hulle alleen sonder énige versorging by die huis agtergelaat het, is dit reg? --- Ja Edelagbare.
Dit is kinderverlating, né? U moenie u kop knik nie, u moet sê "Ja". --- Ja.
En dan word daar beweer dat u hulle mishandel het, of toegelaat het dat hulle mishandel word deurdat hulle nie behoorlik gevoed is, kos gekry het, en versorg is nie. Is dit reg? --- Ja, maar ek het nie 'n inkomste gehad nie.
Dit maak nie saak nie. Deurdat u hulle mishandel het deur hulle nie behoorlik te voed nie. Is dit reg? --- Ja Edelagbare.
Ons gaan nóú ingaan daarop. Deurdat u hulle nie behoorlik gevoed het nie, kos gegee het, of melk gegee het nie, en versorg het nie. --- Ja.
U weet 'versorg' is doek skoonmaak en kleertjies was en hulle bad en hulle "burp" u weet, en windjies uitvryf en al daardie dinge né? --- Ja.
Goed, u het nie dit gedoen nie? --- Ek … (tussenkoms)
U het hulle nie gereeld kos gegee, en melk gegee en gekyk dat hulle gevoed is nie. --- Maar ek het nie eintlik gewerk ook, inkomste gehad om hulle te kyk nie. Toe het ek nou groente soek om te kook vir hulle, maar toe het ek nie daardie selfde tyd gedraai nie.
Ge ….. ? --- Toe het ek nie teruggekom daardie selfde tyd nie Edelagbare.
Nie teruggekom nie? --- Ja.
U los hulle alleen? --- Toe soek ek nou groente.
En u vat hulle nie saam nie? Sê vir my, is dit reg om sulke klein babatjies alleen by die huis te los? --- Nee Edelagbare.

Jy vat jou babas oral waar jy gaan, is dit nie? --- Ja Edelagbare.
Ja. En mens kry mos – jy gaan mos kliniek toe as jy nie kan melk hê, as jy nie 'n inkomste het nie en jy het nie kos vir jou kinders nie, is dit nie? --- Ja.
En u gaan vra vir melk en pap vir hulle, is dit nie? --- Ja Edelagbare.
So het u enige wettige reg, rede of toestemming gehad om hierdie kinders te los en nie te voed nie en te verwaarloos? --- Geen antwoord hoorbaar.
Hm? --- Nee.
Nee. Het u geweet u doen verkeerd? --- Ja.
Aanvaar die staat haar weergawe?
AANKLAER: Ja, net een aspek edelagbare. Sy was "tavern" toe gewees en die polisie het haar by 'n taverne gekry die dag Edelagbare.
HOF: Ja, ek aanvaar nie dat sy gaan groente soek het nie.
AANKLAER: As sy net dit – (onduidelik) dit – dan sal ek dit so aanvaar Edelagbare.
HOF: Kyk, u sê nou u het gaan groente soek, ek aanvaar dit nie … (tussenkoms) --- Ek het dit … (tussenkoms)
Die staat aanvaar dit nie, en ek aanvaar dit ook nie. --- Ek het dit toe by my – die aartappels gehad, en toe het hulle my gekry, toe ….(tussenkoms)
Ek het dit nie – mevrou, dit is nie deel van die klagstaat se bewerings nie, en ek aanvaar dit ook nie. U het hulle verwaarloos deur hulle te verlaat (onduidelik) verlating, mens gaan nêrens heen sonder jou babas as hulle nie selfversorgend is nie, u verstaan dit? --- Ja Edelagbare.

U I T S P R A A K

HOF: Die hof is oortuig dat u al die bewerings in die aanklag erken,

en u word SKULDIG bevind soos aangekla."

[6] Uit voorgaande gedeelte van die rekord blyk die volgende onreëlmatige optrede deur die landdros:

6.1 Die landdros het nie geluister na wat die beskuldigde wou sê nie, en het haar op onnodig hardhandige wyse daartoe gelei om skuldig te pleit.

6.2 Die landdros het 'n wyse van ondervraging (oënskynlik ingevolge artikel 112) gevolg waar sy stellings gemaak het met betrekking tot feite waarop die beskuldigde slegs ja moes antwoord.

6.3 Ook in die geval van 6.2 was die optrede van die landdros afdwingend en was sy nie bereid om behoorlik na enige verduideliking van die beskuldigde te luister nie.

6.4 Die verduideliking wat die beskuldigde wel probeer gee het, naamlik, dat sy die kinders by die huis gelaat het om groente te gaan koop, het die landdros summier

verwerp sonder dat enige getuienis aangebied is en op grond daarvan dat sy nie die beskuldigde glo nie.

6.5 Deur die beskuldigde skuldig te bevind, oënskynlik op grond daarvan dat sy skuldig gepleit en al die elemente van die misdryf erken het, het die landdros haarself ernstig waningelig.

6.6 Dit blyk voldoende uit die aangehaalde gedeelte van die rekord dat die beskuldigde 'n ongesofistikeerde persoon is en dat die landdros haar inderdaad in toegewings in geboelie het.

[7] Die optrede van die landdros wyk so ver of van ordentlike regspleging dat die verrigtinge voor haar nietig is.

BEVEL:

Die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.

**H.J. LIEBENBERG**
**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**

**VAN DER BYL, WR:**

**EK STEM SAAM.**

**P.C. VAN DER BYL**
**WAARNEEMENDE REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**